# ENKELE OPMERKINGS OOR 'N PAAR SAKE VAN DIE ESKATOLOGIE N.A.V. „DIE MILLENIUM EN DIE HERSTEL VAN ISRAEL" GESKRYF DEUR DS. J. J. ENGELBRECHT

## Inleiding

1. Daar kom so stadig maar seker tog meer aandag vir die eskatologie. Dinge wat die mense prikkel om hieroor na te dink, is die politieke en militêre suksesse van die staat Israel; die sg. tekens van die eindtyd, nl. oorloë, veral aardbewings, ens., en derdens woordvoerders uit die ekologie. Hier bedoel ek die voortdurende stemme oor oorbevolking, wêreldvoeding, energie en grondstowwe en omgewingsbesoedeling.

## 'n Paar woorde oor elk van die drie genoemde dryfvere:

1.1. *Die politieke en militêre suksesse van die staat Israel*

Die „hardgebakte" chiliaste het nog altyd geglo in die herstel van die Joodse volk. Die herstel of opbou van die staat Israel sedert die Balfour-verklaring in 1917 is deur hulle met spanning gevolg en veral die verwikkelinge sedert 1948. Die geloof in die herstel van Israel is vir hulle in dié dinge bevestig. Die militêre suksesse van die afgelope dekade het hierdie standpunte en oortuigings opnuut laat opvlam. As Israel weer begin opleef, is dit vir hulle 'n groot teken dat die einde naby is.

'n Mens moet historiese feite seker nie oorskat nie, maar *onderwaardering* daarvan is net so gevaarlik. Die interpretasie van die Sionisme en hulle suksesse verg uiters verantwoorde eksegese! Om die minste te sê, bly daardie gebeurtenisse uiters merkwaardig en onder teoloë 'n behoorlike turksvy, soos weer blyk uit die bundel gesprekke, getiteld: „Wat dunkt u van Israel..." onder redaksie van Rik Valkenburg. Hierdie dinge saam met die dekadensie van die tradisionele christendom het aan die woorde in Rom. 11 : 25 nuwe aktualiteit gegee — die ten dele verharding oor Israel *totdat* die volheid van die heidene ingaan...

1.2. & 3. *Tekens van die tye en ekologiese kwelvrae*

Onder gelowiges het gebeure wat letterlik ooreenstem met Matt. 24 : 6—12 besondere betekenis. Aardbewings is vir baie gelowiges meer as net 'n blote natuurverskynsel. Ekologiese kwelvrae kom ook van die kant van *ongelowiges*. 'n Chaotiese toestand tot op 'n punt dat lewe onmoontlik word, dus iets soos „die einde van die wêreld" is, met ekologiese mate gemeet, nie meer 'n blote teoretiese moontlikheid, 'n hersenskim nie, maar 'n praktiese werklikheid. Uitputting van energiebronne kan voorspel word sonder enige profetiese pretensie. Wetenskaplike projeksies maak van die 21e eeu 'n moeilike en donker tyd. As daar dus nog baie dinge moet gebeur, moet dit *gou* gebeur want die tyd begin *min* word!

Hierdie drie aspekte sou ek wil noem die vernaamste *empiriese* dryfvere tot nuwe eskatologiese bewustheid. Ek beklemtoon die *empiries* omdat dit dinge is wat tot die massa spreek.

2. Vervolgens 'n paar sake krities bespreek n.a.v. die genoemde boekie van ds. Engelbrecht.

Die eerste deel van die boekie handel oor die millenium met as kernsake die posisie van die satan; die regering van siele in 1 000 jaar en die eerste en tweede opstanding.

2.1. *Die posisie van die Satan*

Engelbrecht se uitgangspunt is die volgorde of skema van Johannes in Openb. 13—19. Die binding van die satan *volg* volgens hom op die uitgieting van de 7e engel se 7 plae. Die wegsluiting van die satan sluit daardie oordele van God af. Dis 'n afrekening met Babilon en die 2 diere wat dadelik finaal is, en dan die lang proses met die duiwel: eers binding, dan loslating en dan verdelging.

2.1.1. *Die binding van nader bekyk:* Openb. 20 beskryf dit as volg: die satan word *gebind,* in die afgrond *gewerp, toegesluit* en die afgrond word bo hom *verseël.* In totaal 4 werkwoorde waarin die lot van die satan deeglik beskryf word. Die prentjie is dus dat die duiwel as 'n *stewig geboeide* in die abusos, die gevangenis, sit en die plek is goed toegemaak.

Van die duiwel is daar ander beskrywings ook in Openb. Hoofstuk 12 : 9, hy is *neergewerp* uit die hemel op die *aarde.* In hfst. 12 tree die satan op teen die vrou en haar nakomelinge. Die dier uit die see aan wie die satan sy krag, troon en groot mag gegee het, dis die antichris, sy vyandskap is toegespits op die gelowiges, maar merkwaardig: sy invloed geld oor elke stam en taal en *nasie,* terwyl die satan in Openb. 20 gebind word sodat hy die *nasies* nie kan verlei nie!

Daar is verskeie ander uitsprake in die Skrif waarin die mag van die satan geskilder word: 1 Petr. 5 : 9 — soos 'n brullende leeu ... 1 Joh. 5 : 19: — die wêreld is in die mag van die Bose ... Ook Ef. 6 : 12, ens. In die lig van hierdie gegewens is dit vir Engelbrecht onhoudbaar om die binding van die satan te verstaan as iets wat *nou* reeds van krag en in werking is.

2.1.2. *Beoordeling:* In 'n mate moet ek Engelbrecht gelyk gee. Die antichiliasme slaan dikwels 'n patetiese prentjie. Dat alle skrifgegewens deur antichiliaste nie genoegsaam in hulle beskouings verdiskonteer is nie, is 'n feit waarvan ons nie kan wegskram nie. Ek wil die stelling maak dat op die punt van die binding van die satan daar gevaarlike of nadelige of netelige leemtes in die gereformeerde eskalotogie is.

Die viervoudige beskrywing van die posisie van die satan kan ons nie sommer weergee met: „'n hond aan 'n tou" of „soos 'n vis aan 'n hoek" nie. Gebind, in die afgrond gewerp, toegesluit en verseël, dit wil tog vir jou sê dat hy *baie deeglik gevang* is. Ook word hy uit die tronk *losgelaat.* Hierdie binding en loslating het dus

nie te doen met Christus se oorwinning op Golgotha, vgl. Kol. 2 : 15 nie. Christus se oorwinning is *permanent,* terwyl die binding net vir 'n *tyd* is. Hierdie binding is m.i. 'n *hoofstuk* in die *regering* van die verhoogde Christus.

Saam met die viervoudinge binding gaan 'n doelstelling: sodat hy die *nasies* nie meer sou verlei nie, en by die ontbinding: hy sal uitgaan om die nasies te verlei en vir die groot oorlog te mobiliseer. Verleiding en mobilisasie is dus die groot werke waarin die *onderbreking* plaasvind. Hier moet gewaak word teen *idealistiese oorskatting.* Engelbrecht gaan m.i. te ver as hy sê dat die duiwel *glad nie* sal kan optree en *hoegenaamd geen invloed* op aarde sal uitoefen nie. Baie duidelik word in Openb. 20 die doel van die binding gestel: sy invloed oor die *nasies.*

Laat ons eers die viervoudige binding nagaan. By Petrus lees ons iets soortgelyks, 2 Petr. 2 : 4 . . . God het die engele wat gesondig het, in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee om vir die oordeel in bewaring gehou te word. In Judas vers 6: . . . die afvallige engele het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar. Die gevalle engele wat hul eie beginsel, hulle eie woning verlaat het — Petrus sê net: engele wat gesondig het — die groep sluit sekerlik die duiwel en al sy handlangers in; ek sou sê: dit is die duiwel en sy handlangers. Die beskrywings van Petrus en Judas wil m.i. nie sê dat die gevalle engele *inderdaad* in 'n tronk sit, gelokaliseerd, onmagtig om te beweeg nie, maar dat hulle almal permanent buitekant die ligkring van God se genade val en vas en seker die groot oordeel nie sal ontvlug nie. Telkens kragtige beskrywings wat m.i. nie sê dat die gevalle engele *letterlik* êrens met kettings vasgemaak sit sodat hulle niks kan doen nie, want waar kom die bose geeste in die lug van Ef. 6 dan vandaan? En ook die demone tydens Jesus se optrede op aarde? Die viervoudige binding van die satan in Openb. 20 toon wat die beskrywing betref, sterk ooreenkomste met genoemde plekke in 2 Petrus en Judas. Op grond van die Skrif met Skrif vergelyk-beginsel wil dit vir my voorkom dat Openb. 20 : 1—3 *nie leer* dat die satan vir 1 000 jaar totaal werkloos en onmagtig is, totaal afgesonder van *alle* mense op die aarde, heeltemal uit sirkulasie soos die chiliaste beweer nie, maar dat in baie skerp taak gesê word dat die duiwel die *nasies nie kan beetneem nie.* Dis nog 'n letterlike verklaring van sigbare dinge teenoor die klag van vergeesteliking, en ek meen eksegeties verantwoord.

Die punt waar dit dus om gaan in Openb. 20 is dat die duiwel, deur die heerskappy van Jesus Christus, *ingeperk* word in die dinge waarmee hy altyd besig is. Die beheer oor die *nasies* teen God en die mobilisasie van die nasies teen God, die mensemassas van die wêreld, die groot werke van die duiwel, daarin word hy volstrek ingeperk tot op 'n punt wanneer hy losgelaat word om voorbereidsels te tref vir die groot slag wat ook sy ondergang is. Die klem is op die *nasies* in hulle godevyandigheid en werksterrein van die duiwel. Ek meen dat hier ook 'n sentrale saak in die Skrif na vore kom, bv. Psalm 2, die onstuimigheid van die *nasies en volke.* Ook in die profete die voorsegginge oor die heidense volkere. Oordele vanweë

godevyandigheid en sonde. So maak God *sy* heerskappy oor die nasies bekend. Maar die Messias is ook die *lig van die nasies,* Jes. 42 : 2; 49 : 6. God regeer oor die nasies ook in sy *genade.* Hierdie bemoeiing met die nasies is ook in o.a. Hand. 17 : 30—31; Rom. 1, en ander plekke. Dat die duiwel dus volstrek nie die nasies kan organiseer nie, in dié opsig is hy totaal gebind en geboeid, dit hou m.i. verband met wat Paulus sê in Rom. 11 oor die volheid van die heidene. Die satan is gebind maar God maak sy volheid uit die heidene, die nasies bymekaar. Hierin is 'n *grens:* totdat die volheid van die heidene ingegaan het. So is daar ook 'n keerdatum waarop die satan ontbind word en weer die nasies organiseer.

Ek wil dit beklemtoon dat Openb. 20 net konsentreer op die verband: duiwel—nasies (heidene). Die chiliastiese apologetiek: die bindingtyd is 'n *sondelose* tyd; kyk hoeveel duiwelse werkinge onder die mense is daar nie al die tyd van die christelike era nie en daarom lê die bindingtyd nog in die toekoms, dis m.i. inlegkunde met verkeerde afleidings.

Wat verder wel belangrik is, is dat ons die geskiedenis baie goed moet lees. Die ondergang van die Romeinse Ryk, die opkoms van die nasionale state, dat daar nie 'n wêreldeenheid, 'n *wêreldryk* is en dit gedurende al die eeue net nie tot stand kon kom nie, dis baie merkwaardig. Wat eweneens merkwaardig is, is dat die uitgesproke godevyandige kommunisme wel weer daarin slaag en onkeerbaar voorspoedig is in die oprigting van 'n *wêreldryk* en dit in 'n tyd waarin die tradisionele christendom verskraal in invloed (iets van die volheid van die heidene wat ingaan!). En ook in die geskiedenis van die staat Israel wat uiters merkwaardig bly en ook die ekologiese gegewens waaruit dit duidelik is dat die tyd inderdaad min word en dat dinge wat nog moet gebeur, inderdaad gou moet kom. Monopolië oor grondstowwe pas beter in die tyd vir die opkoms van 'n wêreldryk as wanneer elke land genoeg het vir sy eie behoeftes. Lees ook 2 Thess. 2 : 6!

2.2. *Die regering van die siele in daardie tyd*

2.2.1. Engelbrecht stel dat die siele in Openb. 20 : 4—5 wat *geleef* het, wys op 'n *volle opstanding,* hereniging van siel en liggaam. Dis volgens hom 'n werklike, volle opstanding en regering. Hy bring dit in verband met ander uitsprake in die Skrif van 'n toekomstige *kroon.* In die tyd *regeer* die opgestane martelare. Hy het nog 'n belangrike opmerking, nl. oor die *keertyd* van die 1 000-jarige ryk. As dit is, soos wat die tradisionele antwoord van die antichiliaste sê: die wederkoms, dan is daar geen werklike tyd vir die ontbinding van die satan nie. As die antichris moet optree na die vredestyd, en die vredestyd eindig met die wederkoms (die vredestyd dus van koms tot wederkoms) hoe kan dan die matelare van die antichristelike tyd nog regeer?

2.2.2. *Beoordeling:* Die besware oor die standpunt dat die wederkoms van Christus ook die keerdatum van die vredestyd is, is m.i. raak hoewel ek nie met sy konsekwensies daarvan saamstem nie. Die wederkoms is nie aan die einde van die vredestyd nie maar ná die ontbinding, wanneer die groot slag plaasvind.

Die verband: 1 000-jarige heerskappy en die kroon tot heerskappy wat die gelowiges volgens Engelbrecht by die wederkoms ontvang en dat die gekroonde gelowiges gevolglik dan regeer, gaan nie op nie. Die kroon wat die gelowige by die wederkoms ontvang, is nie 'n *ampsaanduiding* nie maar 'n *vreugdeversiering!* Die tekste wat Engelbrecht aanhaal, praat konsekwent van *stefanos* en dit beteken vreugdeversiering. Kroon as 'n ampsaanduiding is *hagiasma,* vgl. Holwerda: Begonnen hebbende van Mozes . . . , p. 66—67. By sy wederkoms bring Christus sy loon (genadeloon) en vreugdeversiering saam, maar dis iets anders as waaroor dit gaan in Openb. 20.

In Openb. 20 gaan dit oor heerskappy, medeheerskappy, wat sommiges saam met Christus gedurende daardie 1 000 jaar uitoefen, 'n heerskappy wat anders is as die glorie wat ons ontvang by die wederkoms van Christus.

Engelbrecht gee 'n uiteensetting van die *eerste opstanding.* Soos reeds genoem is dit vir hom 'n werklike liggaamlike opstanding. Hierdie opstanding-storie wil ek saam met die heerskappy bespreek.

Die opstanding is iets besonders, want dit word bepaal deur *tyd,* nl. die 1 000 jaar. Diegene wat hiervoor kwalifiseer, is tweërlei: die bloedmartelare (onthoofdes) oor die getuienis van Jesus en die woord van God, en diegene wat die dier nie aanbid en nie sy merkteken ontvang het nie. Die vraag is of hier 'n werklike, *volle opstanding* is en die vraag na die chronologie, nl. of die dier uit Openb. 13 *klaar* sy werk gedoen het en toe eers het die 1 000 jaar 'n aanvang geneem; anders gesê, of al die siele deel het aan die *volle* 1 000 jaar.

Hierdie gedeeltes raak spesifiek die *afgestorwenes.* By die oopmaak van die 5e seël roep die *siele* onder die altaar: Hoe lank nog . . . ens. Die antwoord wat hulle kry, is: *totdat* julle medediensknegte wat nog soos julle *gedood moet word, voltallig* is. In die tussentyd moet hulle nog *rus,* en hulle ontvang wit klere. By die 5e seël is dit: *rus nog* en Openb. 20 is dit: *regeer* saam met Christus. Is dit 'n rus t.e.m. almal *voltallig* is en dan is dit *een groot groep* wat saam met Christus regeer? Dis een moontlikheid.

Siele wat *klere ontvang.* Is dit beeldspraak? Greydanus stel dit m.i. aanneemlik met verwysing na Jes. 61 : 10. Dis nie werklike klere van een of ander *materiaal* nie, maar hemelse eer teenoor die ontering op aarde, vgl. Openb. 19 : 8. Dis die geregtigheid van Christus wat hulle ontvang het. Jesaja sê: God het my beklee met klere van heil, gewikkel in die mantel van geregtigheid. Hemelse eer in Christus teenoor aardse oneer. Hiervolgens kan Openb. 20 net gewoon *siele* bedoel sonder die *noodsaaklikheid* van 'n volle opstanding. Die volle opstanding is net eenmalig, by die herskepping, 1 Kor. 15. Aan die ander kant egter kan m.i. hierdie eerste opstanding nie gelykgestel word met die heilshistoriese opstanding van o.a. Rom. 6 nie. En verder: die heerskappy op trone, dit sê heel konkreet: *regering,* maar is dit noodwendig in stryd met die *rus* van die 5e seël ?

Die afgestorwenes wat die dinge deelagtig word, is bloed-martelare *en* diegene wat die antichris nie gevolg het nie — dit maak lewensverlies nie per sé noodsaaklik nie. Oor hulle het die 2e dood, die ewige dood, geen mag nie. Die kernvraag bly nog steeds die

van die chronologie. Wat is dan die verband tussen die optrede van die dier, die antichris, en die posisie van die satan en ook die posisie van die gelowiges wat geleef het voor die koms van Christus ?

'n Mens sit hier met ontsettende probleme en dan is dit die maklikste om alles as 'n losstaande fase na die toekoms te projekteer, maar dit bly *ook* onbevredigend.

Opvallend bly die *tydsaanduidings* wat m.i. tog 'n *eenheidsgedagte* is. Openb. 11 praat van die 2 getuies, dus die ware, betroubare (dis 2) Geesvervulde prediking vir 42 maande, presies die tyd wat die dier van Openb. 13 optree. Dan is die getuies vir 'n *kort tydjie,* nl. 3½ dag dood en in veragting. Die *kort tydjie* kry ons weer in Openb. 17: die 7e kop sal 'n *kort tydjie* bly en saam met hom ook die dier, die antichris en die 10 konings wat *1 uur* saam met die dier soos konings regeer. Dit lyk of die kort tydjie orals voorkom, 'n kort tyd van geweldige georganiseerde magsinspanning teen God en dit word gevolg deur die groot oorlog. Dis dieselfde volgorde as in Openb. 20 : 7—10. Die loslating van die duiwel, die 7e kop en die dier en die 10 konings en die tyd wat die 2 getuies dood is, lyk vir my na dieselfde tyd. Hierdie gebeurtenisse word ook gedek deur die inhoud van die 6e skaal van Openb. 16.

Vervolgens die *eind-uitsprake.* By die 7e skaal die stem vanaf die *troon* wat sê dis verby. By 20 : 10 is dit verby en by die 7e basuin Openb. 10 : 6—7, dan is die verborgenheid volbring; daar is nie meer tyd nie. Dus die 7e engel se basuin is gelaai met die gedagte: die *tyd* is op. Hierdie einduitsprake in hulle verband met die kort tydjie-uitsprake, die opeenvolging van die kort tydjie deur die einde, dis vir my moeilik om in die lig hiervan nog 'n *onderbreking* in die eindgebeure te sien soos wat die chiliaste dit doen.

'n Volgende baie moeilike probleem is die verband van Openb. 11 : 7; 13 : 5; 17 : 8 vv.; 20 : 4. Belangrik is dat Openb. 13, 11, 17 en 20 die sogenaamde *tussengesigte* is, d.w.s. dat hulle eintlik nie presies op dieselfde vlak val as die gebeurtenisse wat ingelui word deur 'n bepaalde seël of basuin nie. Hulle val dus nie noodwendig in daardie spesifieke begrensinge van die seëls en basuine nie. Die optrede van die dier in Openb. 13 en 17 dek duidelik die *hele geskiedenis* en nie net die tyd sedert die koms van Christus nie. Oorwinnaars oor die dier en sy teken is m.i. nie net diegene wat in die laaste kragontplooiing van die duiwel aan God getrou is nie, maar wat van die begin en deur die eeue getrou is — 17 : 8 ...wie se name van die grondlegging van die wêreld in die boek van die lewe geskryf is. Die oorwinnaars, die martelare van 20 : 4, is gevolglik nie 'n groepie mense aan die einde van die eeue nie, maar hulle wat *deur die eeue* nie die dier gevolg het nie. Dit raak vir my die posisie van die gelowiges ook voor die koms van Christus tot en met die tyd waar die duiwel in sy magsuitoefening oor die nasies tydelik pertinent aan bande gelê is. Aangesien die martelare van 20 : 4 dus nie 'n groepie mense is uit die tyd dat die duiwel teen die einde met sy laaste kraginspanning kom nie, verval die noodsaak om die regeertyd van die martelare uit te skuif na 'n tyd nog heel later, 'n tyd waarvoor ek volgens die skrifgegewens in ieder geval geen ruimte kry in die opeenvolging van die laaste dinge nie.

**'n Versigtige rekonstruksie van alles mag soos volg lyk:**

Die eerste 6 seëls bring ons tot by die *einde* as *een groot komplekse saak,* en dan die 7e seël wat bestaan uit 7 basuine. Dat dit alles 1 seël uitmaak, beklemtoon die eenheid.

Die eerste 4 basuine is strafgerigte van God. Dis basuine, gerigte met 'n boodskap, nl. dat die groot oordeel kom.

Die 5e basuin is die volle verderf en sonde-vernietiging wat oopbars, die sondemag in sy geestelike sy wat in volle krag losgelaat word.

Die 6e basuin is die *gewelddadige* kant van die sonde wat vrygestel word, en ons kan vra: Is dit miskien die einde van die algemene genade?

Is hierdie dinge nie die *groot verdrukking* wat t.w.v. die uitverkorenes *verkort* word nie? Dit lyk vir my of hierdie basuine almal geblaas word in daardie kort tydjie van ontbinding. God wat gereed maak vir die slot en die helse magte wat dan kan konsolideer vir die groot slag.

Met hierdie eindgebeure kom daar 'n onpeilbare groot verandering in alles. God trek sy genade in en die bose slaan toe met alle mag. Ons kan ons die dinge met moeite voorstel. Dis vir 'n kort tydjie.

Hierteenoor is daar wel 'n tyd wat anders is, vol van genade. As ons na die eindgebeure kyk, besef ons hoe oorvol van genade die huidige tyd nog is. Die genadetyd, die tyd waarin die heidene ingaan soos wat tans nog die geval is, met sy heerlike volheidskant in die hemel. Daarna kom God se eindoordele, 'n tyd van gerig. Aan die *einde daarvan* kom Christus self. Dan is dit klaar.

Die besondere genadetyd is dus nie van sy koms tot sy wederkoms nie, maar van die koms van Christus af tot en met die eindhoofstuk. Aan die slot daarvan kom Christus self.

Nog twee opmerkings: aan die een kant moet daarvoor gewaak word dat Openb. 20 nie oorveridealiseer word nie en tweedens moet ons ons huidige tyd erken as 'n „gemengde tyd", 'n tyd waarin die bose werk met heelwat krag, maar 'n tyd wat tot oorlopens toe vol is van *genade.* Ons moet in hierdie verband kennis neem van die baie belangrike gelykenis in Matt. 13 : 24—30; 36—43. Ek dink dat ons in hierdie perspektief heeltemal te gou roep: dis klaar en dis verby terwyl ons van God se genade volgens Matt. 13 vergeet.

Wat ons ook goed moet onderskei, is die dinge wat plaasvind by die eerste 6 seëls en die dinge wat spesifiek in die eindtyd plaasvind. Daar is groot rampe *voor* die eindtyd — die eerste 4 *seëls:* die evangelieverkondiging met wat daarmee gepaard gaan. Dit laat 'n mens wel dink aan die einde, maar ek wil dit tog loshou van die einde om perspektief te bewaar, anders raak 'n mens onnodig alarmisties. Pinkster moet ons hier in gedagte hou: die groei van God se koninkryk; geestelike seëninge soos Joël al voorspel het, die seëninge van die Gees, maar daarmee saam dat die geskiedenis in bloed en vuur geskryf sal word ... bloed en vuur en rookdamp! Die groei van God se koninkryk met die onvermydelike oordeel oor die aardse ryke en stelsels. Dis die tyd van *Pinkster,* maar nog nie die

*einde* nie! Ek meen dat dit 'n belangrike onderskeiding is wat ons moet raaksien.

## 3. Die toekoms van die Jode

Eintlik vereis hierdie onderwerp 'n hele aparte studie, maar ten slotte net die volgende paar opmerkings. Die chiliaste meen dat Israel op die laaste, d.w.s. in die groot verdrukking, na die volheid van die heidene ingegaan het, dan tot bekering sal kom. Hier word weer gewys op die merkwaardige opkoms van die staat Israel en die *tyd* waarin ons dit sien plaasvind. Dit wil my volgens Rom. 11 tog voorkom dat Israel weer meer betekenis sal kry, en wanneer die heidenlande weer in die greep van die bose verkeer, wanneer die satan en sy magte weer losgelaat word, dat hulle in daardie noodtyd tot inkeer kom, nie noodwendig hoof vir hoof nie. En hierdie, kan ons sê geestelike herlewing, en Christus se wederkoms en die eindoordeel en herskepping staan m.i. volgens die O.T.-profesie in noue volgorde. Ek sê die *wederkoms*, en nie soos die chiliaste beweer dat dit dan eers die vredetyd word nie. So iets strook nie met die O.T.-profesie waarin daar 'n *heilstyd sonder einde* in die vooruitsig gestel word, wat m.i. wys op die *herskepping* en nie op 'n *eindige* vredetyd nie.

Ds. D. H. P. Wijnbeek (Margate).

*(Lesing gehou by die G.T.V. van Natal, September 1976.)*